

Herstruktureer van bates kan werk, maar dink goed

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Ons kyk vandag na 'n tegniek in boedelbeplanning wat vir jou boedelbelasting kan bespaar. Maar ek wys ook op die breër (belasting-) implikasies daarvan.

Dit volg na aanleiding van 'n leser se vraag. Iemand het aanbeveel dat hy die blooteiendomsreg in sy eiendomme aan 'n familietrust verkoop en vir homself 'n

vruggebruik oor die eiendomme uithou vir 'n tydperk van 20 jaar.

Hy is nou 71 jaar oud.

Is dit uitvoerbaar en wat is die boedelimplikasies, wil hy weet?

Die blote feit dat jy vra of dit uitvoerbaar is en veral oor wat die boedelimplikasies is, sê vir my daar is nie mooi hieroor gedink nie. Ja, dit kan 'n besparing op boedelbelasting tot gevolg hê.

My probleem met sulke raad is dat dit baie keer te sterk fokus op een soort belasting. Kom ons kyk:

Die verkoop van die eiendom aan die familietrust is teen markwaarde minus die waarde van die vruggebruik. Die waarde van die vruggebruik word bere-

ken oor die termyn, in dié geval 20 jaar.

Kom ons sê die volle markwaarde van mnr. E se eiendomme is R10 miljoen.

Die waarde van 'n vruggebruik vir homself oor 20 jaar is R8 963 328. Die waarde waarteen die eiendomme oorgaan na die trust is dus net (R10 000 000 - R8 963 328) R1 036 672.

Dit is wat die trust betaal vir die eiendom (blooteiendoms waarde). Dit is ook die markwaarde vir die berekening van kapitaalwinstbelasting (KWB) vir mnr. E, pleks van die volle R10 000 000. 'n KWB-besparing? Ja.

En boedelbelasting? Wanneer mnr. E sterf, word die waarde van sy vruggebruik wat in sy boedel val vir boedelbe-

lasting bereken oor die oorblywende termyn. Kom ons sê hy leef nog vyf jaar, en vir argumentsonthou was daar geen groei in die waarde van die eiendomme nie, dan is die waarde van die vruggebruik in sy boedel vir boedelbelasting (bereken oor 15 jaar) R8 173 032, pleks van R10 000 000. 'n Besparing? Ja.

Dis koel, nè?

Goed, hier kom die fynskrif.

Waar kry die trust geld om mnr. E te betaal vir die blooteiendomsreg? As die trust geld het en hom betaal, is die geld self maar net weer 'n bate in sy boedel vir boedelbelasting.

Maar wat as hy dit nie het nie?

Die algemene gebruik was om die ei-

endom te verkoop op rentevrye leningsrekening, en by dood enige uitstaande skuld aan die trust te bemaak. Intussen “skenk” jy jaarliks R100 000 belastingvry aan die trust om die skuld te verminder. En só is bespaar op boedelbelasting.

Maar nou het ons art. 7C van die Inkomstebelastingwet om in gedagte te hou. Jy móét rente vra op so 'n leningsrekening. Of jy moet geskenkebelasting (20%) betaal op die rente (teen die amp telike koers, tans 8%) wat jy nie vra nie.

Die grootste probleem kom egter in as die trust die eiendom eendag wil verkoop. Dan is sy basiskoste vir die berekening van KWB nie R10 000 000 nie,

maar net die R1 036 672.

'n Yslike KWB-kopseer.

En as die trust boonop die geld in trust wil hou, is die belasting 36%, pleks van tussen 0% en 18%, sou dit aan 'n individu bemaak gewees het.

Deeglike boedelbeplanning is beter as losstaande stukkies blitsraad wat gewoonlik nie die volle prentjie skilder nie.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**